NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 26 - September 2009

NWK bied alternatief te midde van lae graanpryse

NWK het op 12, 13 en 14 Augustus vanjaar 'n reeks inligtingsvergaderings gehou om produsente in te lig oor die situasie met betrekking tot die huidige produksieseisoen asook hoe hulle die komende produksieseisoen moet benader.

"Die relatief lae vlak van graanpryse tans skep uitdagings vir finansiers sowel as produsente. Die effek van hierdie prysknyptang word aansienlik geaksentueer deur die ekstreme hoë produksie-insetkoste wat produsente in die aanvang van hierdie seisoen ondervind het en wat ook NWK se produksie-debiteureboek tot ongekende vlakke laat toeneem het," het Freddie Pohl (bestuurder: Krediet) gesê.

Inaggenome die huidige klimaat, geld die volgende betreffende 2008/2009-kredietreëlings:

- As vergunning is betaling van produksiekrediet uitgestel na 30 September 2009, waarna individuele oorweging vir oordrag na oorlaatskuld geskied.
- Die Kredietwet bepaal dat indien 'n ander rentekoers gehef word as in die oorspronklike kontrak, 'n nuwe ooreenkoms gesluit moet word.
- Nuwe reëlings moet derhalwe so gou moontlik met kredietpersoneel getref word.

Die moontlikheid van alternatiewe finansieringsmediums om verlengde graanopberging te probeer akkommodeer, word met die ter perse gaan van *NWK Koördinaat* ondersoek.

Die geleentheid word ook aan produsente gebied om, tot die vlak van tonnemaat verkoop, finansier te word vir die verkryging van bepaalde graanprysinstrumente, wat produsente in staat stel om langs dié weg te deel in geantisipeerde latere graanprysstygings. *Lees op bladsy 6 in dié uitgawe meer oor die instrumente wat NWK die produsent bied om prysbestuur ten opsigte van sy graanopbrengs toe te pas.*

Volgens Freddie bied hierdie opsie die voordeel van onmiddellike kontantvloei, laer skuldvlakke en besparing van oorlaatrente. "Advies ten opsigte van hierdie produk kan by NWK Graanbemarking verkry word en Krediet sal aansoeke hieromtrent op 'n individuele basis oorweeg."

Die 2009/2010-seisoen is reeds op hande en NWK Krediet is volstoom besig om produksie-aansoeke te hanteer. "Elke produsent se posisie is uiteraard uniek en moet individueel beoordeel word.

"Oorweging van finansiering vir nuwe seisoenproduksie is in die gees van bogenoemde afhanklik daarvan dat oorlaatooreenkomste, waar toepaslik, reeds in plek en onderteken moet wees," het Freddie gesê.

NWK bly optimisties dat die meeste produsente, te midde van 'n uitdagende markomgewing, hul finansieringsvennootskap met NWK sal kan voortsit.

NWK LandMark-winkels maak jou lus vir werskaf

Die nuwe NWK LandMark-winkel op Lichtenburg het op 24 Julie vanjaar sy deure geopen. Met die nuwe uitleg van die winkel bied dit kliënte 'n aangename inkopie-ervaring asook 'n groter produkreeks. Lees op bladsy 2 meer oor die ander NWK LandMark-winkels wat ook reeds voltooi is.

100 1909-2009
U tevredenheid is ons trots

Stof daai planters af

Dit is weer dié tyd van die jaar om jou planters uit die stoor te trek en na te gaan vir enige gebreke, sodat jy dit so gou as moontlik kan herstel of vervang voor die plantseisoen hier is.

Dit is belangrik om jou planters vooraf goed deur te gaan en van NWK se kundiges gebruik te maak. NWK Meganisasie hou vervangende onderdele van die meeste soorte planters aan. “Ons het personeel wat na jou plaas kan kom en ‘n lys kan maak van die onderdele wat vervang moet word, of toerusting wat benodig word en vir jou ‘n gratis kwotasie daarop kan gee,” het Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) gesê.

Gee aandag aan veral die volgende onderdele:

- Oopsnykouters;
- Plantermesse en -skoene;
- Kettings;
- Alle laers (*bearings*);
- Tandratte (*sprockets*);
- Saaduitmeetmeganisme; en
- Kunsmisuitmeetmeganisme wat geneig is tot erge roes, wat maak dat kunsmistoediening oneweredig is.

Die wyse meesters het gesê: “Wat jy saai sal jy maai.” Verseker daarom dat die volle potensiaal van die oes gevestig word deur die planters eksie perfeksie te kry.

LandMark-winkels steeds NWK eiendom

NWK beplan om die 17de handelswinkel, Gerdau, gedurende September ook na ‘n LandMark-winkel omgeskakel te hê.

Die omvang van die omskakeling van die 17 winkels het van die grootte van die winkel afgehang. “By sommige winkels het geringe veranderinge plaasgevind, terwyl daar by groter winkels veral gefokus is op die uitleg, voorraad en produkaanbieding,” het Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) gesê.

Die LandMark-konsep is ‘n model waarvolgens landbouwinkels deel word van ‘n nasionale handelsmerk en groep. Landbou, tuinbou, gereedskap en boubenodighede vorm die kern van die produkaanbieding, terwyl buitelewe en huishoudelik produkte ‘n addisionele fokus bied.

“Al 17 winkels behoort steeds aan NWK en word deur NWK bestuur. Die LandMark-konsep beïnvloed ook glad nie die pryse van die produkte wat by die NWK LandMark-winkels verkoop word nie,” het Henk gesê.

Die onderskeid tussen die voormalige NWK handelswinkels en die NWK LandMark-winkels lê onder andere in die volledigheid van reekse, ‘n beter inkopie-ervaring en ‘n nasionale handelsmerk sowel as die krag van gesamentlike bemarking.

Die NWK LandMark-winkel op Lichtenburg van buite gesien.

Met die opening van die NWK LandMark-winkel op Lichtenburg het een van hul verskaffers, Bosch, ‘n uitstalling en demonstrasie gehou.

Klante kon met die opening van dié nuwe winkel ‘n winskopie of twee losslaan.

Algemeen

‘n “Vlug” deur NWK...

NWK vier vanjaar sy 100ste bestaansjaar en as deel van dié groot mylpaal het NWK ‘n mediadag op 23 Junie vir joernaliste aangebied.

Die media het “Vlug 100” vroegoggend op Lanseria lughawe in Johannesburg gehaal. Met die aankoms op Lichtenburg het die media die binnewerking van Lottiehalte silo besigtig, waarna hul die persaanleg, Epko, besoek het. Laastens het hulle ‘n besoek aan die Opti Chicks broeiery afgelê.

Die doel van die dag was om betrekkinge te bou en om die lig te werp op hoe dit uit NWK se perspektief met landbou in die Noordwes Provinsie gaan.

Mareetsane Meganisasie nou nie meer sub-handelaar

NWK Meganisasie op Mareetsane funksioneer amptelik sedert 1 Julie vanjaar as ‘n volwaardige handelaar van Case/Northmec produkte. Delareyville en Ottosdal Meganisasie is reeds volwaardige handelaars van dié produkte.

Die bedryfspunt op Mareetsane het dié produkte in die verlede via die Northmec-tak op Lichtenburg ontvang. “Dit het die kommunikasiekanaal lank gemaak, asook NWK se eise gekompliseer,” het Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) gesê.

Kommunikasie sal voortaan direk geskied tussen die bedryfspunt op Mareetsane en Northmec se Hoofkantoor in Isando, Johannesburg.

Vir meer inligting oor Case of New Holland produkte skakel jou naaste NWK Meganisasie bedryfspunt.

Absa bateverseke-ring in NWK se net

Alhoewel Absa Versekeringsmaatskappy nog net 'n kort rukkie bestaan, het dié maatskappy hom reeds as 'n formidabele rolspeler in die korttermynversekeringsbedryf gevestig," het Daan Hugo (bestuurder: Versekering en Motors) gesê, na die ondertekening van 'n agentskap-ooreenkoms tussen NWK en dié versekeringsmaatskappy.

NWK Versekeringsmakelaars beskik reeds oor 'n Absa Oesversekeringsagentskap. Daan glo dat die agentskap-ooreenkoms tot voordeel van die Absa Versekeringsmaatskappy en NWK Versekeringsmakelaars sal wees, aangesien beide die instansies hul posisie in die landboumark wil versterk.

"Die verkryging van die Absa-agentskap plaas ons in die posisie dat NWK Versekeringsmakelaars nou bemarkingsooreenkomste met die vier grootste landboubateversekeraars het. Die ander drie versekeraars is Mutual & Federal, Santam en Landmark," het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gesê. "NWK Versekeringsmakelaars streef daarna om slegs van gevestigde, erkende landbouversekeraars in hul dienslewering aan produsente gebruik te maak."

Meer inligting oor die Absa produk is beskikbaar by jou naaste NWK Versekeringsadviseur.

Brandbane moet in plek wees

Die lang gras verhoog die brandrisiko. Is jou brandbane in plek volgens wetlike voorskrifte?

Verseker koring nou

Jy kan nou reeds jou koring verseker en die premie eers aan die einde van Oktober betaal.

Ekspo afgestel

Produsente moet kennis neem dat die jaarlikse Handel Ekspo wat in Oktober vanjaar sou plaasvind, afgestel is.

Brandpaaie, die wet en aanspreeklikheidsdekking

Alhoewel ons reeds die lenteseisoen nader, is daar steeds 'n groot brandrisiko teenwoordig.

"Die afgelope goeie reënseisoen het lang, ruie gras tot gevolg wat kan lei tot brande met katastrofiese gevolge," het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gesê.

Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande vereis dat elke grondgebruiker verplig is om brandpaaie of -stroke aan die grense van sy grond te maak. "Alhoewel daar geen spesifieke voorskrif vir die maak van brandpaaie is nie, kan dit skoongebrand of geskraap word óf die gras kan selfs met 'n chemiese onkruiddoder doodgemaak en dan verwyder word," het Willie gesê.

Die nie-voldoening aan die wet is 'n kriminele oortreding en strafbaar met boetes van tot R3 000, soos ook vermeld in *Beeld* van 21 Julie 2009.

Verder word 'n grondgebruiker nalatig geag vir alle brande wat van sy grondgebied versprei het – al het die brand van elders gekom. "As daar dus weens 'n veldbrand skadevergoeding geeïs word, word dit geëis van die onmiddellike buurman van wie se grond die brand gekom het," verduidelik Willie.

Aanspreeklikheidseise kan enorme bedrae beloop en Willie verwys na dieselfde berig in *Beeld* waar berig word oor twee produsente wat gelas is om skadevergoeding van bykans R27 miljoen te betaal weens versuim om aan voorskrifte van die wet te voldoen.

"Sulke bedrae kan 'n grondeienaar finansieel ruïneer. In die lig van voorgemelde skadevergoedingsbedrag is die meeste produsente se aanspreeklikheidsdekking heeltemal ontoereikend," het Willie gesê. Dekking van R1 miljoen is net nie meer voldoende nie. Produsente kan hul aanspreeklikheidsdekking verhoog na tot soveel as R25 miljoen vir minder as R500 per jaar.

Gesels dadelik met jou naaste NWK Versekeringsadviseur vir gemoedsrus.

NWK vereenselwig met boom wat groei

Dit is NWK se 100ste bestaansjaar en as 'n mens terugkyk oor die jare sien jy dat NWK op verskeie vlakke gegroei het en steeds doen. NWK kan dus met 'n boom wat groei vergelyk word. Hierdie interessante foto is deur een van NWK Handel se administrasiepersoneel ingestuur. Dit lyk asof die letters van NWK op die kremetartboom se bas uitgekerf is, maar dit is egter deel van die bas. Dié foto is op 'n plaas naby Musina in Limpopo geneem.

Ken jou winkel-bestuurder

– 5 feite oor Lappies Labuschagne

1. Lappies Labuschagne is sedert 1 Junie vanjaar die nuwe bestuurder van die NWK LandMark-winkel op Ottosdal.
2. Hy is gebore op Bethal, waar hy grootgeword en gematrikuleer het. Hy het na sy weermagopleiding by O.T.K. op Bethal begin werk. Na tien jaar verhuis hy Bronkhorstspruit toe. Hier verkoop hy New Holland-onderdele vir vyf jaar. In 2005 is hy as bestuurder: Vergelegen handelswinkel aangestel. In 2007 is hy bevorder tot bestuurder: Skuinsdrif handelswinkel waar hy gewerk het tot 31 Mei vanjaar.
3. Sy strategie om baie voete na die winkel te trek, is om na beter diens as NWK se opposisie te streef en om die vertroue in die gemeenskap te wen sodat die klante die woord kan versprei dat sy werk vir hom belangrik is.
4. Die beste advies wat hy al ontvang het, is om daarna te streef om jouself tevrede te stel, want dit is onmoontlik om almal om jou tevrede te stel én as 'n mens niks goed van iemand anders te sê het nie, sê liewer niks oor hom of haar nie.
5. Sy stokperdjie is boogskiet – of dit vir kompetisies is of om te jag – "dit is my ontspanning." Hy is ook nie 'n baie goeie verloorder in enige situasie nie – "juis daarom skree ek vir die Blou Bulle."

Doen nou aansoek – El Niño lê en loer!

Volgens Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) veroorsaak die Kredietwet asook winterbewerking van die lande dat produsente al hoe vroeër in die jaar reeds met hul produksiekrediet-aansoeke begin.

"Gevolglik is dit ook nodig om vroeër jou aansoek vir multirisikoversekering (insetkosteversekering) in te dien vir keuring met betrekking tot langtermyn gemiddelde graanopbrengs (LGGO) asook tonnemaatwaarborg."

"Die stelling word egter dikwels gemaak dat multirisiko 'te duur' is. Produsente moet dit eerder sien as 'n veiligheidsnet wat jou kan 'vang' in tye van katastrofiese klimaatstoestande – soos droogtes, het Willie gesê.

Produsente word ook attent gemaak op die dreigende El Niño-weerpatroon wat 'n groot invloed op die 2009-2010-seisoen tot gevolg kan hê. Willie waarsku egter dat die oesversekeraars beperkte kapasiteit beskikbaar het. Hy moedig produsente aan om vroegtydig hul aansoeke in te dien by hul naaste NWK Vesekeringsadviseur.

"Gesels vandag nog met jou naaste NWK Versekeringsadviseur om jou deel van die beperkte kapasiteit op te neem."

Nywerhede

Grootmaakeenhede op Boschpoort-plaas voltooi

Al Opti Chicks se vyf grootmaak-eenhede van drie huise elk, geleë op die Boschpoort-plaas, is sedert begin Augustus vol geplaas. Voortaan sal ongeveer 21 000 henne en 2 800 hane elke vyf weke in een van die vyf grootmaak-eenhede geplaas word.

Op 22 weke oud word die henne en hane na 'n lê-eenheid oorgeplaas waar hulle vir 'n tydperk van sowat twaalf maande eiers lê en dan verkoop word. Een van die tien lê-eenhede (drie huise per lê-eenheid) is klaar gebou. Die beoogde voltooiing van al die eenhede is Junie 2010.

Die henne en hane word per trollie na die eerste lê-eenheid vervoer.

Een van die grootmaak-eenhede met sonsopkoms.

'n Lê-eenheid van binne gesien.

Eerste eiers is hier

Die eerste eiers is einde Augustus by Opti Chicks broeiery gelewer en die eerste dagoud-kuikens sal teen die einde van September aan die mark gelewer word.

Wanneer die broeiery na verwagting teen Junie volgende jaar in volle produksie is, sal 690 000 eiers per week hier vir uitbroei hanteer word. Teen ‘n sukseskoers van 82% sal sowat 566 000 kuikens per week uitgebroei word.

Petersime broeimasjiene, wat vanuit België ingevoer word, is by die broeiery geïnstalleer. Hier verduidelik Jaco Viljoen (bestuurder: Opti Chicks), tydens ‘n onlangse besoek van die media, aan hulle hoe die masjiene werk.

Nie 'n gewone lesingsdag nie

Wees op die uitkyk vir jou uitnodiging na Noordwes Voere se Prestige Suiweldag, wat op 15 Oktober vanjaar plaasvind. Indien jy nie teen middel September 2009 ’n uitnodiging ontvang het nie, skakel Noordwes Voere by (018) 632-4053. Jy gaan baie spyt wees as jy dié geleentheid misloop. Uitnodigings word beperk tot klante in Noordwes Voere se bedieningsgebied.

Noordwes Voere in Switserland

Leon Venter (produksiebestuurder: Noordwes Voere) het in Mei vanjaar die voorreg gehad om ‘n agt weke voervervaardiging tegnologie kursus in Switserland by te woon.

Baie tyd is aan fisiese demonstrasies op toerusting in 'n goed toegeruste opleidingsarea spandeer. “Alhoewel ek baie geleer het oor die belangrike en/of minder belangrike aspekte van ‘n aanleg en meer spesifiek produksie, is daar myns insiens nie enige gebied of veld waarin ek ervaar het dat Noordwes Voere totaal uit lyn is en/of dat ons enigsins ernstig op risiko is nie. Sekere aspekte wat 'n direkte invloed op ons effektiwiteit kan hê, is wel geïdentifiseer en sal voorts aandag geniet,” het Leon gesê.

Prentjiemooi! Leon Venter in Santis, Switserland. Dit was darem nie heeltyd klasdraf en leer nie, daar was darem ook tyd om die asemrowende land te besigtig.

Meule skop af saam met Wêreldbeker

Goedkeuring is aan Noordfed verleen om in 'n 7 ton/uur hoë tegnologie mieliemeule te investeer. Die meule is van die modernste in sy soort.

“Die ontwerp van die meule is só gedoen om dit in die toekoms na ‘n 12 ton/uur meule op te gradeer. Die meule sal produkte van hoogstaande gehalte verseker. Die beplanning is om die meule in Junie 2010 in werking te stel. Die ‘nuwe’ Goal Supermieliemeel sal dan ook saam met die Sokkerwêreldbeker bekend gestel word,” het Bennie Joubert (bestuurder: Noordfed) gesê.

Graan

Hoekom ons nie die El Niño moet vrees nie

Daar is ‘n groot kans vir ondernormale reënval in die mid- tot laatsomer in Suid-Afrika vir die 2009/2010-seisoen. Die NWK-gebied kan dan veral onder dié toestande gebuk gaan.

Volgens Johan van den Berg (bestuurder: Produkontwikkeling, Santam Landbou) hoef produsente nie paniekerig te raak nie, want ‘n El Niño beteken nie noodwendig ‘n droogte nie.

“As ons bang is vir die El Niño-effek sal ons in ongeveer 25% tot 30% van jare baie bang wees, want dit is ‘n natuurlike verskynsel wat gemiddeld een keer in vier jaar voorkom,” het Johan gesê.

‘n El Niño gaan tradisioneel met bogemiddelde winter- en lentereënval in Suid-Afrika gepaard. “As ‘n produsent sy grond en praktyke ken en reënval goed bestuur, kan hy juis geld maak in só ‘n jaar wat almal bang raak,” aldus Johan.

Volgens Johan laat ‘n El Niño nie nul reënval in Suid-Afrika voorkom nie. “Daar het en sal altyd reën in El Niño-jare voorkom. Die effektiwiteit van reënval is dalk nie altyd so goed nie, as gevolg van die ‘verkeerde tye’ wanneer dit reën of kleiner reënhoeveelhede wat per reënbui voorkom.”

In ‘n sekere sin kan produsente bly wees oor die El Niño, “omdat dit die ‘wanbalans’ in produksie na ‘n reeks van twee jaar met rekord-opbrengste, effens herstel. Om byvoorbeeld twee jaar na mekaar ‘n oorskot van meer as 3 miljoen ton mielies te produseer, is nie volhoubaar vir Suid-Afrika se mieliebedryf nie.”

Martiens du Plessis (grondkundige en hoof: Presisieboerdery) gee op bladsy 6 raad hoe produsente hul kan rat vir die El Niño.

Moontlike oplossing vir lae graanpryse

Met graanpryse wat tans op relatief lae vlakke is, bied NWK aan produsente finansiering vir die benutting van bepaalde prysinstrumente wat hulle in staat sal stel om deel te hê aan moontlike graanprysstygings later in die bemarkingseisoen.

Van die opsies wat oorweeg kan word as alternatief tot die dra van fisiese graan in die leweringsrekening tot later in die seisoen, is:

1. Verkoop die fisiese graan en koop termynkontrakte (futures) vir dieselfde tonnemaat.
2. Soos opsie 1, maar koop verkoopopsies (puts) vir die termynkontrakte met trefvlakke op of onder die vlak waarteen die termynkontrakte aangekoop is.
3. Verkoop die fisiese graan en koop koop-opsies (calls) met trefvlakke gelykstaande aan heersende markpryse vir dieselfde tonnemaat.
4. Soos in opsie 3, maar verkoop koopopsies (calls) vir die tonnemaat koop-opsies gekoop met trefvlakke hoër as die huidige markpryse.

"Benewens die feit dat die situasie in terme van produkpryse en winsgewendheid vanjaar (2009) nie so benard soos in 2005 is nie, is die opwaartse prysbewegingspotensiaal vanjaar moontlik ook kleiner as in 2005," het Jan Grobbelaar (direkteur: Graan), tydens NWK se inligtingsessies vanjaar, gesê.

"Indien fisiese graan verkoop moet word om rekenings te betaal, is die termynmark al opsie om te deel in moontlike hoër pryse, maar met inagneming van die risiko en koste van die instrument wat gebruik word," het hy gesê.

Kry jou 2009/2010-begroting reg

Dis weer tyd om jou somergewasbegrotings vir die 2009/2010-seisoen reg te kry. Vir meer inligting skakel vir Michael van Rooyen by (018) 633-1156 of Barbara Willemse by (018) 633-1157.

Benader El Niño só

Met die dreigende El Niño voor die deur, kan gevra word hoe die saaiboerdery hiervoor aangepas moet word.

Die saaiboer moet hom staal om deur die warm, droë tyd van die seisoen te kom. Volgens Martiens du Plessis (grondkundige en hoof: Presisieboerdery) kan die saaiboer die volgende benadering volg:

- Kies lande met oorwegend diep gronde (dieper as 100 cm).
- Plant slegs in lande waarvan die grond tot minstens 100 cm goed nat is.
- Droë lande moet liefs oorgelê word. Grondverdigtings is in 'n droë jaar besonder nadelig op gewasgroei – hef grondverdigtings effektief op. Uitmuntende onkruidbeheer, van die begin af, is uiters belangrik – selfs 'n ligte onkruidbesmetting onttrek 'n klomp waardevolle grondvog.
- Bemes normaal om goeie wortelontwikkeling te stimuleer. Swak bemeste gewasse het ook 'n swakker wortelstelsel, wat die gewas aan hoër droogtestres blootstel.

Vir meer inligting skakel Martiens by (018) 633-1154.

'n Paar wenke vir jou plaas

Gee nou aandag aan die volgende aspekte:

Akkerbou

- Primêre voorbereiding van lande moet so vinnig moontlik na die goeie reëns geskied.
- Lande moet deurentyd skoon gehou word van onkruide om vogverlies uit gronde te beperk aangesien 'n strawwe midsomer droogte verwag word.
- Produsente moet vroegtydig met hul saadverteenwoordigers praat oor die eienskappe van hul betrokke kultivarkeuse, sowel as die moontlikheid van kultivars omruil soos die seisoen se planttoestande verander.
- Implemente en gifspuite kan nou reeds uit die store getrek word en gediens word sodat hulle vir die komende seisoen reg is.
- Doen deeglike navrae oor die gifverteenwoordiger se betrokkenheid by naverkoopdiens sowel as die kalibrering van spuite, om te verhoed dat jy gedurende die seisoen onkant betrap word.
- Produsente wat goeie oeste die seisoen behaal het, moet kennis dra dat hulle hul bemesting sal moet aanpas indien hulle meer gestroop het as waarvoor hulle bemes het.

Veekunde

- Die verse moet eersdaags gedek word. Maak seker hulle massa en kondisie is reg. Dra ook sorg dat die bulle 'n goeie rantsoen ontvang.
- Spons-, lam- en miltsiekte moet geënt word, asook knopvelsiekte indien nodig. Maak seker dat genoeg entstof verkrygbaar is.
- Gedurende Oktober kan die beeste weer met Cydectin behandel word om van die interne en eksterne parasiete ontslae te raak.
- Skenk tydens die kalftyd aandag sodat kalwingsprobleme vroegtydig opgelos kan word.
- Teen middel Oktober, sodra die gras groen uitgeloop het, kan na 'n somerlek oorgeskakel word.

Weidings

- Maak seker al die onsmaaklike en ongewensde grassoorte (byvoorbeeld dekgras en oulandsgras) in die aangeplante weidings word afgesny voordat die gras begin uitloop.
- Doen die weidingsbeplanning vir die nuwe jaar. Bepaal watter kampe gedurende die volgende seisoen gerus en bemes gaan word – handel daarvolgens en sorg dat kunsmis beskikbaar sal wees.

Vir navrae kontak Landboubestuursdienste by (018) 633-1143.

Opti Chicks – 'n ware belegging

NWK het op 26 Junie hul Algemene Jaarvergadering gehou. Hiertydens is die finansiële resultate bekend gemaak. NWK se nabelaste wins het met 58,7% teenoor die vorige jaar verhoog.

Alhoewel die nuwe toevoeging tot NWK se besigheidsmodel, die hoenderboerdery, nie 'n wins gegenereer het nie, omdat dit eers teen die einde van die finansiële jaar in werking getree het, sien die Direksie en Bestuur dit as 'n langtermynstrategie om te diversifiseer en in besighede te investeer.

"Die verlies sal dividende beïnvloed, maar oor so twee of drie jaar sal dié afdeling wins maak," het Theo Rabe (direkteur: Finansies) gesê.

Graan se inkomste was 237% hoër as die vorige jaar. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename van 178% in graanontvangste en 'n toename van 236% in graanverhandeling, asook kommoditeitspryse wat vir 'n groot gedeelte van die jaar op hoër vlakke as normaalweg was.

Handel se inkomste het met 40% gestyg tot R1 609 miljard. Die Handelsegment was vir die eerste keer in die geskiedenis die grootste bydraer tot die wins van die NWK Groep met 'n bydrae van 47%.

Die volgende klante het sertifikate vir 50-jarige lidmaatskap ontvang. Heinrich Krüger (voorsitter: NWK Direksie) het dit oorgehandig aan Bendict van Wyk, Hannes Kotze, Johan van Eck en Waldie Schulenburg. Afwesig: Mnre BJ Badenhorst, JP de Bruyn, C de Klerk, AP du Preez, JJP Erasmus, HJ Gouws, JL Jacobs, PJ le Roux, DH Meyer, AS Rall, JP Snyders, BS Steyn, H van Jaarsveld, AJ van Niekerk en WJ van Zyl.

Dr Chris Wentzel (vorige besturende direkteur) was ook by die vergadering. Van links is Danie Marais (besturende direkteur: NWK), Heinrich Krüger, dr Chris Wentzel en Lemmer Vermooten (ondervoorsitter: NWK Direksie).

Tydens 'n inligtingsvergadering wat op Sannieshof gehou is het Heinrich Krüger (voorsitter: NWK Direksie) aan dr René Carlse sy 50-jarige lidmaatskapsertifikaat oorhandig.

Belangrike datums

Die volgende Direksievergadering vind op 5 November plaas. Die Direksie en Bestuur hou ook vanaf 14 tot 16 Oktober 'n belangrike strategiese beplanningsessie.

Aandelenuus

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Junie tot 31 Julie verhandel:

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
89 694	R3,75
61 861	R3,90
291 923	R4,00
443 478	

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
31 562	R2,90
104 753	R2,95
508 075	R3,00
644 390	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1159/1089/1160 skakel.

NWK drukkery oop vir publiek

Die drukkery by NWK se Hoofkantoor doen nie net drukwerk vir die NWK Groep nie, maar bied ook sy dienste vir die publiek aan.

Hier kan jy van 'n fotostaat tot volkleur-drukwerk op basies enige soort papier laat doen. Alle tipe boeke (soos faktuur-, kwitansie- of werkkaartboeke), strooibiljette en plakkate tot en met A2-grootte, kan hier gedruk word. Die uitleg van dokumente, soos die fotoblad van Hoërskool Lichtenburg, word hier gedoen. Lamineerwerk tot A3-grootte kan ook hier gedoen word.

Vir meer inligting of vir 'n gratis kwotasie skakel Riaan Esterhuizen of Lynette Verster by (018) 633-1286 of (018) 633 1287.

Algemeen

Personeelsake

Baie geluk aan die volgende NWK personeel wat onlangs aangestel of bevorder is:

Graan
Jannie Rothman is bevorder tot portefeuljebestuurder. Niklaas van der Walt en Rikus Vosloo is as junior graanhandelaars aangestel – onderskeidelik op Coligny en Koster.

Handel
Lappies Labuschagne is sedert 1 Julie as bestuurder by Ottosdal LandMark-winkel werksaam. Gerrie Bester is nou by die Shell op Ottosdal werksaam.

Landboubestuursdienste
Ronnie Tshabalala is op 1 Augustus as landboukundige: Ontwikkelende landbou aangestel.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet vir Fanie Swanepoel

Fanie Swanepoel (bestuurder: Ingenieursdienste) het op 'n plaas tussen Lichtenburg en Bakerville grootgeword. Na skool het hy sy BIng (Siviel)-graad aan Tukkies voltooi waarna hy sy diensplig gedoen het.

Met beursverpligtinge teenoor die Stadsraad van Pretoria, was sy eerste betrekking dié van 'n ingenieur in hulle paaie-departement. "In dié tydperk het ek deeltyds BIng (Hons) in konstruksiebestuur studeer. Die privaatsektor het my geroep en ek het by 'n raadgewende ingenieursfirma in die voormalige KwaNdebele gaan werk." Op 1 Junie 1996 het hy in sy huidige pos by NWK begin werk.

Ingenieursdienste hanteer alle tegniese aspekte rakende die instandhouding en vestiging van NWK se infrastruktuur. "Baie werk word departementeel uitgevoer, maar groter projekte word uitgekontrakteer. Ons is verantwoordelik vir die ontwerp en saamstel van planne, opstel van tenderdokumente, die inwin van tenders, terreintoesig en koste- en kwaliteitbeheer. Masjinerie, toerusting, paaie, spoorlyne, geboue en graanbuise moet ook instandgehou word. Nuwe infrastruktuur behels onder andere fabrieke, meulens, winkelgeboue, stoorruimtes en vulstasies wat opgerig word."

Die grootste uitdaging vir hom by Ingenieursdienste is om seker te maak dat die departement as 'n onmisbare skakel, wat wesenlik tot NWK se sukses bydra, beskou word. "Om dit reg te kry moet kwaliteitwerk koste-effektief, met beskikbare hulpbronne, binne die ooreengekome tydsraamwerk aan klante gelewer word."

Fanie is 'n gesinsman by uitstek en sê hy is sommer omgesukkel as sy gesin nie voltallig tydens uitstappies kan wees nie. Hy is getroud met Petro en hulle het twee kinders – Hardus (20) en Zania (18).

Fanie Swanepoel

Strate weer in rybare toestand

Die padgedeelte by die ingang van Ottosdal silo.

Die gate in Van der Waltstraat op Sannieshof is nou gevul.

Motoriste kan nou weer 'n aangename rit geniet vandat Van der Waltstraat op Sannieshof onlangs deur NWK Ingenieursdienste herstel is.

Die straat verleen toegang na drie prominente NWK-bedryfspunte: NWK Meganisasie, die NWK LandMark-winkel en silo. "Slaggatvorming het rygemak erg belemmer en slaggate is met delwersgruis, wat met sement gestabiliseer is, opgevul," het Fanie Swanepoel (bestuurder: Ingenieursdienste) gesê.

Die provinsiale padgedeelte by die ingang na Ottosdal silo was ook erg verweer. Die pad is onlangs ook deur Ingenieursdienste herstel deur die betrokke gedeelte met beton te vervang en dit breër te maak.

Wen!

'n Gelukkige leser kan hierdie jerrykan ter waarde van R500 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Watter dorp het op 24 Julie hul NWK LandMark-winkel geopen?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za*. Inskrywings moet haar voor of op 8 Oktober 2009 bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Giel Nel van Lichtenburg wat die enkel- en dubbelbed-warmkombers ter waarde van R500 in die Julie-kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers Lichtenburg behartig.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Ruth Davies (018) 468-2716 • 083 583 5243 • *ruth@infoworks.biz*

UITGEWER

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.